




Braunvieh

- NUUSBRIEF 2017 -



Na twee moeilike landboujare, is ons geseën met 'n oorvloed gras en hooi ...en goedkoop mielies, wat vir enige beesboer goeie nuus is. Met beespryse wat 'n rekordhoogtepunt bereik het, kan SA se beesboere breed glimlag en die vrugte pluk van "uithou en aanhou". Ons dink aan boere in die Wes-Kaap, wat nog wag vir reën.

Soos jul in die nuusbrieff sal sien, het daar baie gebeur in die afgelope ses maande. Dit is 'n bewys dat ons telers doelgerig en positief besig is met ons wonderlike ras.

Soos almal weet, het 'n groep van die telers bedank by ons genootskap.

Die raad word op 'n demokratiese wyse verkies; dus het al die telers jaarliks die geleentheid om op die AJV 'n stem uit te bring en mosies voor te lê.

Die raad het alles in hul vermoë gedoen om te onderhandel, maar ons was nie bereid om buite die grondwet op te tree nie.

As ons sien wat in die stoetbedryf aan die gang is, o.a. die vordering in tegnologie en genomika, kan ons nie agterbly en tred verloor met die hedendaagse beesboerdery in SA nie.

Ek doen 'n beroep op elke teler om positief te wees, geleenthede te benut en mekaar sukses te gun!



Van die **PRESIDENT**
Hans Bester

Die winter se einde is in sig en lente is voor die deur, dit kan nie wees, maar jaar snel ten einde. As ons terugkyk na nou 'n jaar gelede lyk die boerdery darem baie beter, die meeste van ons het baie weiding, die oeste was goed ten spyte van lae pryse vir ons produkte. Ons veiligheid op plase bly egter 'n groot bron van kommer vir ons elkeen, ons moet paraat bly.

Daar was moeilike dae in genootskap, maar Hans ons president het met groot leiding en kalmte ons gelei, dankie ook aan Sampie, Gawie, en Christopher, asook Leon vir elke keer se saamdink. Leon Strauss is dan nuut op raad gekies, baie geluk ons weet jy gaan die ras jou beste gee.

Geluk aan elkeen in die genootskap met alle prestasies wat julle behaal het, daar is dalk iets waarvan ons nie weet nie, baie geluk. Onthou ons NASIONALE VEILING DIE 4DE OKTOBER te Kimberley. Sampie is daar aan die stuur, dankie Sampie jy doen baanbrekers werk.

Bly positief, boer lekker, kyk mooi na jou beeste.

Van die **REDAKTEUR**
Kabus Bezuidenhout



Lief & Leed

Wessel en Yolandi is getroud, baie geluk ons hoop vir lang getroude lewe saam.

JOHN Dee met jou rugby prestasie baie mooi, herstel gou na jou operasie, geluk ook aan CDH en Jenny.

SUNETTE Botha se ma is siek, so ook Ansie se ouma, en Marina Bester se ouers is albei swak en gesondheid nie meer goed. Ons wens almal beterskap toe en sterkte.

Ons verneem Yolandi was ook in hospitaal hoop dit gaan gou beter met jou.



BLOEMFONTEIN

Skou 2017

Tydens die Bloemskou word die 2de provinsiale streekskou aangebied. Die volgende 3 telers gaan skou met 13 diere: Eduan Bdy van Gawie en Willem Naude, Mej Marelize Bezuidenhout van die Lizie-Dolla stoet en Hans Bester en Dogters van die Witbek Braunvieh stoet.

Puik diere word vertoon en die volgende uitslae behaal.

Senior Kampioen Koei: Swartbult Mari B van Mej. M. Bezuidenhout.

Reserwe Senior Koei: Eduan Legend's Nektar van Eduan Bdy

Junior Kampioen Koei: Eduan Wh Rosy van Eduan Bdy

Reserwe Kampioen Koei: Witbek Zan van Witbek Braunvieh

Kalf Kampioen Vers: Eduan Mani's Salvia van Eduan Bdy

Reserwe Kalf Kampioen Vers: Witbek Cathy van Witbek Braunvieh.

Junior Kampioen Bul: Eduan Jumbo's Pollux van Eduan Bdy

Reserwe Junior Kampioen Bul: Witbek Salute van Witbek Braunvieh.

Kalf Kampioen Bul: Eduan Wh Saint van Eduan Bdy

Reserwe Kalf Kampioen Bul: Eduan Lt Rocket van Eduan Bdy.

Die groot Kampioen Vroulike dier is Swartbult Mari B wat ook die Super Koei is van die ras. Die volgende dag wen sy ook die Interras Super Koei Klas van al die beeste op die skou. Baie geluk Marelize Bezuidenhout met jou puik koei.

Die groot Kampioen Bul op die skou was Eduan Jumbo's Pollux van Eduan Bdy. Die bul is ook as die Opperste Kampioen Braunvieh op die skou aangewys en verower die Minnie Janse

Van Rensburg trofee. Die volgende dag tydens die interrasklasse wen hy ook die Junior Kampioen Vleisbul klas op die skou tussen al die rasse. Baie geluk oom Gawie en Willem Naude met jul puik bul.

Graag wil Braunvieh SA ook die volgende borge bedank vir hul ruimhartige bydrae. Mnr Danie Retief van Standard Bank, Willem Neetling van John Williams Motors en Mnr Schalk Erlank van GWK Landbou. Sonder julle hulp kon ons nie geskou het nie.



Swartbult Mari B



Eduan Jumbo's Pollux

FASE C

& ander toekennings

Hans Bester se bul Salute ontvang 'n toekening vir prestasie by LNR. Die bul het ook goed gevaar op Bloemfontein Skou as ons ras verteenwoordig tydens Stamboek se kompetisie.

Sampie Rossouw se stoet is dan ook 'n finalis vir Kudde van Jaar, hy verteenwoordig Noord-Kaap ook van die LNR.

Baie geluk julle twee ons is trots op julle prestasies.



2017 NAMPO

Nampo is nou maar die plek waar die Braunvieh moet wees, en bly altyd 'n hoogtepunt.

Die stalletjie was baie mooi en die beeste nog mooier. Daar was baie belangstelling in ons ras.

En lekker gekuier om die beeste, dankie aan Hans, Kobus Marietjie, Ian en Ansie, Andre en Anna-Marie, Gawie en ook Leon wat kom help het.



VRYBURG

Skou 2017

Die manne het behoorlik geskou en die beste was van hoog staande gehalte.

Groot kampioen bul: Hans Bester

Groot kampioen koei: Gawie Naude

Kampioen verskalf: Ian Botes

Kampioen bulkalf: Gawie Naude

DIE BREEDPLAN BUL OP SKOU SALUTE OOK HANS BESTER

Heerlik geskou op Vryburg Hans, Gawie, Ian en Ansie, Andre Rhysma en Anna-Marie dankie julle om te ras daar te verteenwoordig julle is tops.



Salute



Nectar



UNICORN

Verse projek

Op 30 Junie word die verse afgelaai by die skool, groot opgewondheid kan mens besigtig die leerlinge en onderwysers staan nader om die verse te besigtig.

Die volgende telers skenk verse, Sampie Rossouw, Christopher Havenga, Fanie Els, Hans Bester, Gawie Naude, Kobus Bezuidenhout.

Die 4 Augustus hou ons die eerste boeredag by die skool, sowat 85 leerlinge asook 7 kommersiële telers woon die dag by. Gawie het die bekendstelling asook rasstandaard met hulle behandel, hy het ook foto's gewys van hoe ons die diere wil hê volgens ras standarde.

Daarna het ons die verse in die kraal bespreek waar leerlinge ook kans gekry het om die verse te plaas asook vrae te vra. Hierdie is 'n groot projek en ons vertrou dat dit vir ras baie gaan beteken.

Dankie aan Francois Hatting die skoolhoof vir sy reëlings asook Gawie wat vir ons die dag aangebied het Leon en Willem het ook kom help.



2018

Nasionale Skou

2018 is ons Nasionale Skou in Bloemfontein.

Ons beoog om dit 'n onvergeetlike gebeurtenis te maak. Die hoof bees arena is reeds bespreek alles gebeur onder dak onder ligte, ons gaan ook 'n eie klubhuis hê om funksies aan te bied. Die raad het reeds 'n professionele persoon aangestel om reklame sowel as borge te werf asook die nodige reëlings te tref, sy het reeds begin met al die dinge.

Ons beplan om iets groot, so begin nou al die diere identifiseer, gee kos, kom ons maak dit grootse skou nog. **HIER KOM 'N GROOT GELEENTHEID MOET DIT NIE MISLOOP NIE.** Finale skou datum sal deur gegee word.



Eduan Jumbo's Pollux

EDUAN BRAUNVIEH

Royal Show 2017

The Eduan Braunvieh stud had an excellent show with their cattle at the Royal show. They exhibited only two cattle.

Their bull Eduan Jumbo's Pollux was awarded the Stock Owners Floating trophy and a cash prize for the best performance tested Bull under phase C. He also was awarded the Reserve to Supreme Champion beef bull on show and received:

- a cash prize, rosette and ribbon from Standard Bank.
- the Sutherland floating trophy
- and a Royal Show rosette.

Congratulations to the stud on this outstanding achievement.

NASIONALE

4 OKTOBER 2017 *Veiling*

Die Nasionale veiling vind weer plaas by GWK se veilings kompleks die 4 Oktober 2017, die 3de Oktober is daar 'n boeredag waar klem gelê gaan word op koeie vrugbaarheid.

Bulle van hoogstaande gehalte asook vroulike diere word aangebied. Ons nooi almal uit, moet dit nie misloop nie, kom koop jou stoetbul hier wat vir jou kudde 'n groot aanwinst sal wees.

Bietjie RAAD

KRY BULLE REG VIR DEKSEISOEN

- Spuit kompleks A, E, gee byvoeding 'n maer bul werk nie
- Toets vir vrugbaarheid, geslagsiektes en ent teen vibriose

WENKE VIR KOEIE IN DEKSEISOEN

- Spuit kompleks A + 1 tot 2 maande voor kalf
- Om diarree by kalwers te voorkom spuit E. Coli en Scourguard 1 maand voor kalf
- 6 weke voor deksiesoen spuit vir BVD

Braunvieh KRUISTELING

Ons ras se kruistelings vermoë word heeltemal onderskat, ek dink ons moet meer aandag daaraan gee. Ons was by Fanie Els en het sy voerdery gesien, pragtige kalwers Braunvieh x Boran, hulle word na speen eers op hawer gehou daarna gaan hulle voerkraal toe en dan geslag. Baie mooi FANIE.



"Hulle slag gemiddeld 57% uit. Ek glo 'n foto spreek meer as 1000 woorde".



Opsomming van AJV BESLUITE

• Nuwe Embleem

Die vergadering besluit dat daar gekyk moet word na 'n nuwe embleem. Lede en belangstellendes word genooi om voorstelle aan die kantoor te stuur

- Nasionale kampioenskappe 2018 in Bloemfontein. Skou in die tent. Telers moet diere begin selekteer en voorberei
- Na deeglike oorweging besluit die vergadering dat die kantoor by Sekretariaat sal bly en dat Stamboek die registrasie owerheid sal bly

• Toekennings

1. Presidents toekenning – Milbank Trust (Ben en Danie)
2. Beste TKP vir 2016 – MEJ. M.S.E. BEZUIDENHOUT
3. Beste kudde vir 2016 – JJ BESTER EN DOGTERS
5. Gemiddelde VOV (3 bulle) (Fase C) – Eduan Boerdery 4.45
6. Logix vleisbees Produksie-aantekeninge skema: kudde met die meeste toekeninges: 01/03/2016 – 28/02/2017) - Eduan Boerdery – Koei toekennings 2X Brons
7. TKP toekennings in die katagorie:

10 – 30 koeie			
		TKP	Toekenning
406039000	MNR. J.J.H. VAN ZYL	384	2 ^{de}
554945000	JJ BESTER EN DOGTERS	380	1 ^{ste}
566462000	MNR. S.W. ROSSOUW	436	3 ^{de}
31 – 60 koeie			
638357000	JC BRAUNVIEH STUD	447	1 ^{ste}
558947000	MNR. P.R. WESSELS	448	2 ^{de}
61 – 100 koeie			
Geen			
101 + koeie			
557388000	EDUAN BOERDERY	428	1 ^{ste}

• Vleissentraal SA Stamboek Elite Vleisbees kudde toekennings 2016

JJ BESTER EN DOGTERS	GOUD
S.W. ROSSOUW	SILWER
TSALACH BRAUNVIEH STUD	BRONS
SP ELS FAMILIE TRUST	BRONS
EDUAN BOERDERY	BRONS
P.R. WESSELS	BRONS
J.J.H. VAN ZYL	BRONS


- President (Twee jaar/Two years Hans Bester
2 Raadslede/2 Council members Kobus Bezuidenhout, Leon Strauss
Sampie Rossouw Visie-President, Christopher Havenga en Gawie Naudé dien nog vir een jaar.





**Laat 'n
mens dink**

iemand wat baie doen maak baie foute
iemand wat min doen maak min foute
En dan kry mens iemand wat niks doen nie?



GWK Veilingkompleks Kimberley

NATIONALE BRAUNVIEH VEILING

Woensdag
4 Oktober 2017
11:00

AANBOD

14 Geregistreerde Bulle
5 Geregistreerde Vroulike Diere
(Aanbod onderhewig aan veranderinge)

Inligtingsdag
3 Oktober 2017 - 09:00



gwk.co.za

GWK Veilings Kimberley 053 832 5227
Braunvieh Kantoor 051 410 0967
Sampie Rossouw 082 312 7208
Schalk Erlank 082 558 6891
Deon Klopper(Afslaer) 082 802 8483

Verkoopsvoorwaardes: Slegs kontant of bankgewaarborgde tjeks. Elektroniese fasiliteite beskikbaar.
Aanbod onderhewig aan verandering. Diere word slegs gelaai indien betaling afgehandel is.
Let wel: FICA nakoming is 'n vereiste om deel te neem in alle veilings



innoveer landbou